# DIE DOKTORALE EKSAMEN IN GESKIEDENIS: IS DIT NODIG?

Prof. F. A. van Jaarsveld
*Universiteit van Pretoria*

## 1. *Inleiding**

In 'n openbare voorlesing, "Oor die opleiding van geskiedkundiges" wat ek op 3 Oktober 1970 in Johannesburg gehou het, is die vraag geopper of die beroepsgeskiedkundiges voldoende aandag gee aan die probleme van die geskiedenisopleiding aan die universiteite, wat vrae raak soos leerplan-inhoude, doseermetodes en vormingsdoelstellings[1]. Hierdie vraag was en is nodig omdat die geskiedenisdepartemente van die Suid-Afrikaanse universiteite hulle huishoudelike sake onafhanklik van mekaar reël. Die vraag ontstaan of die beroepshistorici nie op groter skaal probleme en idees oor opleiding onderling behoort te bespreek nie, veral wat betref die nagraadse opleiding. Daar bestaan byvoorbeeld verskillende opvattinge oor die magisterstudie en verskillende benaderings tot die doktorstudie.

Wat die magisterstudie betref, lyk dit asof die Engelsmedium-universiteite in die dissertasies wat daarvoor vereis word, nie meer as akademiese oefeninge sien nie terwyl sommige Afrikaansmedium-universiteite vereistes stel wat blykbaar dieselfde doelstelling het as dié vir die doktorsdissertasie, nl. oorspronklike navorsing en 'n nuwe bydrae tot ons kennis. Die feit dat daar so weinig magistersdissertasies van Engelsmedium-universiteite hulle weg tot die Argiefjaarboek vind, in vergelyking met die magisterdissertasies van Afrikaansmedium-universiteite, onderstreep hierdie verskil in benadering. Myns insiens behoort daar ook besin te word oor die doel met en wese van die magistersdissertasie in vergelyking met dit wat van die doktorsdissertasie vereis word, 'n tema waaroor vrugbare diskussies in die toekoms gehou kan word.

## 2. *Die probleem*

Die probleem waaroor hier besin word, handel oor die doktorsopleiding in geskiedenis. Hoewel die vraag wat gestel is, nl. of die doktorale eksamen in geskiedenis nodig is of nie, beperk voorkom, vereis dit 'n uiteensetting van die breë raamwerk waarbinne doktorale studie in die geskiedenisdepartemente onderneem word, asook 'n vergelyking met soortgelyke studie aan ander Westerse universiteite. Uit die jaarboeke van die Suid-Afrikaanse universiteite blyk dit dat daar tans slegs by twee formele eksamen vir die verkryging van 'n doktorsgraad bestaan, afgesien van die proefskrif. Dit is by die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit. Die departement geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika maak voorsiening daarvoor dat 'n student vir 'n mondelinge eksamen oor sy proefskrif opgeroep kan word, iets wat blykbaar

* Voorlesing aan die Universiteit van Pretoria op 20 April 1974, voor nagraadse studente en kollegas van buur-universiteite.

1. F. A. van Jaarsveld: *Geskiedkundige Verkenninge*, Van Schaik 1974, p. 226.

nie reëlmatig in die praktyk geskied nie. By die ouer universiteite was daar vroeër ook naas 'n proefskrif 'n eksamen vereis soos bv. by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die eksamen het mettertyd in onbruik geraak en tans volstaan die meeste geskiedenisdepartemente slegs met die doktorale proefskrif.

Die vraag is of die doktorale eksamen 'n anachronisme is, wat die doel daarmee en die waarde daarvan is, wat die inhoud behoort te beslaan, wanneer dit afgeneem moet word, in watter vorm en hoe breed of diep dit moet wees. Kan dit 'n beter proefskrif of beter beheersing van die vak, en daardeur beter onderrig waarborg?

3. *Die agtergrond*

Die universiteite wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het, het die model van die Westerse lande gevolg, insonderheid dié van die Britse universiteite. Dit was die geval met die twee 19e eeuse universiteitskolleges, die Kaapstadse "South African College" en die Stellenbosche "Victoria College". Dit geld ook die universiteitskolleges en universiteite wat in die 20ste eeu ontstaan het.

Wat die huishoudelike reëlings van die geskiedenisdepartemente betref, daarin is egter ook Kontinentale invloede te bespeur. Die rede is dat die eerste beroepshistorici aan ons universiteite uit die buiteland was, soos bv. profe. E. C. Godeé-Molsbergen en W. Blommaert aan die Universiteit van Stellenbosch. Studente in die geskiedenis van Afrikanerkant het opleiding vir die doktorsgraad meestal in Nederland of Duitsland gaan kry en in opvolging van buitelandse geleerdes leerstoele beset aan Hollands- of Afrikaansmedium universiteite soos dit die geval was in Stellenbosch met profe. Gie, Wiid, Thom en Van der Merwe, in Potchefstroom met prof. A. J. H. van der Walt en D. W. Krüger en in Pretoria met Leo Fouche, I. D. Bosman, A. N. Pelzer en F. J. du Toit Spies. Dit is verstaanbaar dat geleerdes wat hulle opleiding in Nederland of Duitsland gehad het, van die Kontinentale metodes in hulle geskiedenisdepartemente sou invoer. Die Universiteit van Pretoria se mondelinge eksamen op derdejaarvlak en die mondelinge doktoral eksamen in geskiedenis staan in verband daarmee.

Aan Engelsmedium-universiteite is die grondslag vir geskiedenisdepartemente gelê deur geleerdes uit Brittanje. Prof. James Edgar en Eric Walker het aan die begin van die 20ste eeu leerstoele beklee aan die Universiteit van Kaapstad en W. M. Macmillan in Johannesburg. Britse geleerdes of studente wat hulle opleiding in Brittanje gehad het, het ook leerstoele in Pietermaritzburg en Rhodes beset. Hulle het die geskiedenisdepartemente aan die Engelsmedium-universiteite in Suid-Afrika ingerig op veral die Oxfordmodel. Vandaar die verskil vandag wat betref benadering tot en metode van die opleiding in geskiedenis met die Afrikaansmedium-universiteite. 'n Mens moet die jaarboeke van die universiteite raadpleeg om die verskille op te merk, verskille wat ook in die praktyk sigbaar is.

4. *Die doktorale opleiding aan Westerse Universiteite*

Dit is nodig dat gekyk word na die huidige opleiding van geskiedkundiges in die nagraadse fase aan Wes-Duitse, Amerikaanse en Britse universiteite. Dit kan ons 'n vergelykingsbasis gee vir ons eie bedrywigheid in dié verband.

Om met die Duitse universiteite te begin. By hulle bestaan daar nie voor- of nagraadse studie by inskrywing nie: 'n geskiedenisstudent wat die "Abitur" (vergelykbaar met ons matriek, maar veel meer gevorderd) aan 'n gimnasium afgelê het, is by toelating dadelik 'n soort nagraadse student wat voorlesings en seminare — die kern van die Duitse opleiding — bywoon. Die seminaar word gevorm deur klein werkgroepe onder leiding van 'n professor wat een keer per week vir twee uur lank byeenkom om werkstukke voor te lees, te bespreek en te kritiseer. Aan die einde van elke semester word die werk van die doktorale studente geëvalueer in die vorm van 'n seminaarsertifikaat. Die doktorale eksamen kan na vier jaar studie afgelê word. Dit gee die student 'n breë oriëntering in vakkennis. Eers daarna word hy toegelaat om aan 'n proefskrif te werk. Daarby kies hy 'n hoofvak (gewoonlik die gebied waarin sy proefskrif val) en twee byvakke, een waarvan 'n ander gebied in die geskiedenis is. Die ander byvak moet buite die vak gekies word om te voorkom dat die student te eng spesialiseer. Nadat die proefskrif aanvaar is, word 'n uur lank mondelinge eksamen afgeneem in die hoofvak en 'n halfuur elk in die twee byvakke. Die doktorsgraad word eers toegeken as die proefskrif in gepubliseerde vorm ingedien word.[2]

Aan die Nederlandse universiteit wat naastenby volgens die Duitse model ingerig is, word 'n student tot die doktorstudie toegelaat as hy na drie of vier jaar studie die kandidaatseksamen afgelê het. Hy moet een hoofvak en twee byvakke kies waarin mondelinge eksamen gedoen moet word voordat hy aan 'n proefskrif begin werk. Dit verg twee of drie jaar voltydse studie.

In die Verenigde State van Amerika begin opleiding vir die doktorsgraad in 'n nagraadse skool. Daar word twee jaar voltydse studie aan 'n universiteit ná die M.A.-graad verwag, asook suksesvolle bywoning van kursusse en navorsingseminare, leeskennis van een of twee vreemde tale (wat behoorlik getoets word), 'n algemene eksamen (ook "prelims" genoem) en 'n dissertasie. Die eksamen kan na twee jaar, maar gewoonlik na drie jaar afgelê word in geskrewe en mondelinge vorm. Die geskrewe eksamen kan van vier tot 25 uur duur en die mondelinge van twee tot drie uur, afgeneem deur drie of vier professore waaronder 'n eksterne. Hierdie eksamen verleen toegang tot navorsing vir 'n dissertasie, maar daar word ook bywoning van verdere seminare verwag. Na die voltooiing daarvan wag 'n verdere eksamen op die student. Hy word vir twee uur lank oor sy dissertasie ondervra en kry kans om dit te verdedig. Gewoonlik word die dissertasie geskrywe terwyl die student brood moet verdien, wat die studiejare uitrek van soms sewe

2. Boyd C. Shafer: *Historical Study in the West*, pp. 95-96.

tot nege jaar.[3] Die Amerikaanse stelsel is gebaseer op die Duitse stelsel. Die bedoeling met die opleiding is om 'n deeglike kennis te verskaf van belangrike, maar beperkte gebiede, deeglike ervaring in navorsingsmetodes en voorbereiding vir die gee van onderwys. 'n Probleem is hoe om breedte van historiese kennis met diepte in sekere kennisgebiede te verenig.

Wat die Britse stelsel van nagraadse opleiding betref — en hierin vind ons die model van die meeste Suid-Afrikaanse universiteite — moet daar onderskeid getref word tussen verskillende universiteite. As 'n student aan Oxford of Cambridge 'n eersteklas in sy honneurseksamen behaal het, kan hy onder 'n studieleier regstreeks voortgaan met navorsing vir sy doktorsgraad. Aan beide universiteite is die Magistergraad 'n formaliteit: dié kan sonder eksaminering of 'n dissertasie verkry word deur dit te "koop", nl. deur vir 5 jaar lank te registreer as 'n B.A.-student na voltooiing van dié graad. By die ander, ouer universiteite word die M.A.-graad as 'n navorsingsgraad beskou, wat na één jaar studie ná die honneurs, verwerf kan word. Dit is gebaseer op 'n dissertasie wat eerder as 'n "akademiese oefening" as na 'n oorspronklike bydrae tot kennis beskou kan word. Die Magistergraad van die Universiteit van Londen is van 'n hoë gehalte, want twee jaar voltydse studie word daarvoor vereis en 'n dissertasie van hoë kwaliteit, hoewel dit nie so lank as die doktorsdissertasie is nie. Hierdie Londense M.A. sal egter vervang word deur 'n M.A. wat bloot op eksamens berus. In die plek van die Ou Londense M.A. sal dan 'n nuwe M.Phil.-graad geneem kan word, gebasseer op twee jaar voltydse navorsing en die skrywe van 'n dissertasie. Ook aan die nuwe universiteite in Brittanje is die M.A. gebaseer bloot op eksamens, ingevoer.

Wie vir die D.Phil.-graad aan Oxford of Cambridge voltyds studeer moet 'n proefskrif van 60 000 tot 120 000 woorde inlewer wat 'n oorspronklike bydrae sal wees tot die historiese kennis. Geen eksamen word afgeneem soos in Duitsland of die Verenigde State nie, maar 'n mondelinge eksamen volg by die lees van die proefskrif deur die studieleier, 'n interne en 'n eksterne eksaminator.[4]

### 5. *Die Suid-Afrikaanse benadering tot nagraadse studie*

Uit voorgaande blyk die Kontinentale en Britse invloed op die Suid-Afrikaanse benadering tot nagraadse studie. Die doktorale eksamen in een hoofvak en twee byvakke aan sommige Afrikaansmedium-universiteite kan teruggevoer word tot eersgenoemde terwyl elemente van die Oxfordstelsel aan die Engelsmedium-universiteite sigbaar word. Aan die Universiteit van Rhodes in Grahamstad kan byvoorbeeld 'n M.A. verkry word, gebaseer op eksamen, terwyl aan die Universiteit van die Witwatersrand 'n knap student in die honneursgraad toegelaat kan word om direk

3. Dexter Perkins & John L. Snell: *The Education of Historians in the United States* (1962), pp. 152-158, en Boyd C. Shafer: *Historical Study in the West*, pp. 199-203.
4. Bovd Shafer: *Historical Study in the West*, pp. 137-140.

voort te gaan met die studie vir die doktorsgraad sonder dat 'n M.A.-dissertasie geskryf hoef te word. Die Londense model word weerspieël in ons studie vir die M.A.-dissertasie waaraan in Suid-Afrika, veral by die Afrikaansmedium-universiteite groot waarde geheg word. By die Engelsmedium-universiteite word dit blykbaar, soos in die geval van die Britse, meer in die sin van 'n akademiese oefening benader.

Die Afrikaansmedium-universiteit wat die eksamen vir die verkryging van die doktorsgraad afgeskaf het, het waarskynlik ook die Britse model gevolg. Aanvanklik was daar 'n eksamen en 'n dissertasie vereis vir die verkryging van 'n M.A.-graad, maar die honneursgraad het die eksamengedeelte vervang, dít omdat so weinig studente na die aflegging van die eksamen met die skrywe van 'n dissertasie voortgegaan het. Dié graad bring minstens beloning vir die moeite van die studie. Met die uitsondering van Potchefstroom word geen verdere eksamen vir die M.A.-graad verwag nie, behalwe die eksaminering van die dissertasie self deur die studieleier en 'n eksterne eksaminator, of soms met nog 'n interne eksaminator uit dieselfde departement daarby. Die dissertasie is die proef op die som van die historiese metode en tegniek wat in die honneursjaar (of jare) aangebied is. Van die student word verwag om die bewys te lewer dat hy in staat is om wetenskaplike navorsing oor 'n oorspronklike tema van gematigde omvang selfstandig te kan doen. Die M.A.-studie word selde voltyds geneem en die M.A.-student is gewoonlik 'n werkende, deeltydse student.

Ter verkryging van die graad van doktor word studente met 'n M.A.-graad in geskiedenis van goeie gehalte toegelaat tot die doktorstudie wat tot vier of meer jaar kan duur, maar gewoonlik neem dit langer, omdat hulle deeltyds studeer. Van die student word 'n nuwe bydrae tot die kennis van die geskiedenis verwag deur sy navorsing oor 'n oorspronklike tema in 'n tot dusver onontgonne terrein. Dié proefskrif moet van 'n lywiger omvang wees as die dissertasie vir die M.A.-graad.

### 6. *Die doelstelling met die doktorale eksamen*

Die doktorale eksamen soos dit by die Universiteit van Pretoria nog in swang is, dateer uit vroeër jare toe prof. I. D. Bosman wat sy opleiding as historikus aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam gekry het, daarmee gemoeid was. Dit volg die patroon van die Nederlandse (en Duitse, dus Kontinentale) doktorale studie. Afgesien van 'n proefskrif word vereis dat 'n kandidaat 'n hoofvak kies (die gebied waarin sy doktorale dissertasie val) en twee byvakke wat beide op die terrein van die geskiedenis kan wees, soos byvoorbeeld, ekonomiese geskiedenis, kerkgeskiedenis, sosiale geskiedenis of tydperke uit die vaderlandse geskiedenis buite die terrein van die proefskrif om, die historiografie, die filosofie van die geskiedenis of die historiese metode. Voordat die proefskrif ingehandig word, moet 'n mondelinge eksamen van ten minste twee uur (dit duur gewoonlik langer) in die drie gebiede afgelê word voor twee of drie interne en 'n eksterne eksaminator. By onbe-

verdere navorsing uit liefde vir die geskiedenis in die vooruitsig stel nie. Nie altyd word nuwe beroepshistorici wat die wetenskap bevorder, gekweek nie, uitgesonder diégene wat miskien reeds 'n universitêre betrekking beklee en op grond van hul liefde vir die vak óf verbetering van hulle posisie, verdere navorsing doen. Ook in hierdie gevalle kan die doktorale eksamen waarborg wees dat die betrokke studente 'n wyer kennis opdoen as net bloot dié rondom hulle tema.

As 'n mens die produksie op die terrein van die geskiedenis betrag, blyk dit dat ons kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis meestal nie deur gedoktoreerdes buite die universiteit verryk word nie, maar veral deur magister- of doktorale studente aan die universiteite — soos trouens weerspieël in die publikasie van dissertasies of proefskrifte in die Argiefjaarboekreeks. Beroepshistorici aan die universiteite is dikwels so bedrywig met studieleiding aan studente — voor- of nagraads — dat hulle selde bydraes lewer tot die bevordering van die historiese kennis. Amateurhistorici of populariseerdes lewer tans groot bydraes tot ons kennis van die verlede. Die ideaal is dat diégene wat afgestudeer het met òf 'n magister- òf 'n doktorsgraad verdere bydraes tot ons kennis moet lewer. Jong dosente aan universiteite lewer húlle bydraes ook meestal in die vorm van magister- of doktorsverhandelinge. Miskien moet studente aangemoedig word om ná voltooiing van die B.A.-graad of Honneursgraad regstreeks met die M.A. voort te gaan. Dit sal moontlik help om beroepshistorici op jeugdiger leeftyd te kweek. Dit weer kan bydra tot die bevordering van die wetenskap.

8. *Is die doktorale eksamen noodsaaklik?*

Daar sal na redes gesoek moet word vir die afskaffing van die doktorale eksamen aan dié universiteite waar dit wel voorheen bestaan het. Miskien is die Britse model gevolg, miskien geredeneer dat die vyf afdelings wat in die honneursjaar ge-eksamineer word, voldoende kennis verskaf van die historiese metode, tegniek en bronnekunde, historiografie, filosofie van die geskiedenis en temas aan die hand van bronne in die Algemene in Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat as basis kan dien vir die magister- en die doktorsgraad tegelyk.

Daar moet egter onthou word dat dit nie die doel van 'n universiteit is om van sy studente volleerdes te maak nie. Die vier of vyf afdelings wat in die honneursjaar aangebied word, kan beskou word slegs as inleidings tot sekere kennisgebiede — soms baie beperk deur temaspesialisasie. Van die student word verwag om daarná self verder te lees — in Suid-Afrika egter sonder gerigte leesprogramme of navorsingseminare. Waar die student met sy M.A.- of Doktorale dissertasie besig is, kan selde verwag word dat hulle op hul eie verder sal lees — behalwe in die gebied van hulle ondersoek self. Dit kan tot gevolg hê gespesialiseerde kennis van 'n tema sonder 'n breë of diepe kennis van die geskiedenis in die algemeen. En dié het ook nie op nagraadse vlak verder gevorder as 'n soort inleiding nie. Hoewel 'n mens die opleiding van 'n student deur die voor- en nagraadse jare heen as 'n

eenheid wil betrag, kan daar leemtes in sy kennis bestaan wanneer hy die doktoral vlak bereik het.

Dit is hierdie leemtes wat deur die vereiste van 'n doktorale eksamen in 'n mate ondervang kan word. Van die student moet verwag word om dieper te delf in sekere gebiede van die vak as wat in die honneursjaar vereis is. En dié kennis word getoets, wat aan sowel dosent as student die gevoel bybring dat daar naas enge spesialisasie in 'n tema, breër gelees en gekyk is as wat die geval was in sy honneursjaar. Dit kan na verdieping van kennis en groter rypheid lei, wat die student goed te pas mag kom in sy loopbaan ná afstudering. Die bestaan van 'n doktorale eksamen in drie kennisgebiede is nie 'n verarming van die student in sy vormingsjare nie, eerder 'n verrykking, want hy leer verdere beginsels, kennis en literatuur ken wat dieper strek as dit waarmee hy in sy honneursjaar kennis gemaak het. Daar kan egter aangevoer word dat daar selfs by dié universiteite wat 'n doktorale eksamen afneem, tog nie gerigte leiding in die vorm van navorsingseminare gegee word nie. Dit is wel 'n leemte, hoewel daar gesê moet word dat daar geleide leesprogrammas deur persoonlike kontak bestaan. Die uitgangspunt hier bly egter selfstudie wat in 'n eksamen getoets word. Die eksamen is nie 'n blote formaliteit nie.

'n Eksamen is orals 'n verskrikking. Dit dwing die studente egter tot dissipline wat sy insameling en beheersing van kennis betref en lei hom in tot die historiese literatuur. Ook dwing dit die dosent om heelwat kennisgebiede te beheer. Baie hang natuurlik af van die vereistes wat 'n betrokke dosent in sy spesialisasiegebied stel. Wie sy werk ernstig neem, sal 'n doktorale eksamen nie as 'n verskrikking vind nie, eerder 'n geleentheid om aan die dosent te toon hoeveel hy van die vak weet en hoe goed hy dit beheer. Dit kan 'n vertoonvenster word van ywer, entoesiasme en wye belesenheid wat die student tot waardige meester naas die vakman kan laat vertoon.

Die vraag ontstaan of daar nie eenvormigheid moet wees wat die vereistes vir die doktorale studie betref nie, in dié sin dat die doktorale eksamen, waar dit tans nog bestaan, liewer afgeskaf moet word, en of dié universiteite wat dit reeds afgeskaf het, dit nie weer moet instel nie. Hier sal die praktyk moet lei. Universitêre onderrig behoort nie staties te wees nie; die jongste ontwikkelinge oorsee toon dat daar veranderinge kan intree, afhangende van die vereistes van 'n samelewing en die heroorweging van tradisionele praktyke. Dit behoort 'n beginsel te wees om sake nie te maklik vir die student te maak nie, maar om eerder na hoër vereistes te mik. Hoe meer 'n student deur selfstudie van sy vak te wete kom, hoe bevorderliker vir die wetenskap van die geskiedenis en hoe beter vir die kwaliteit van onderrig.

Wat as 'n leemte in die Suid-Afrikaanse opleiding van doktorale studente in geskiedenis voorkom, is die afwesigheid van voltydse studie op 'n kampus en die afwesigheid van navorsingseminare soos dit die geval is in Duitsland, Nederland of die Verenigde State. Die vraag ontstaan of so 'n navorsingseminaar nie die waarborg kan wees vir 'n

sneller voltooiing van die doktorale studie en 'n beter kwaliteit dissertasie nie. Gebrek aan personeel is in dié verband 'n hindernis aan die meeste universiteite.

Ook ontstaan die vraag of die nagraadse studie nie sódanig van die voorgraadse studie geskei moet word, dat 'n nagraadse skool met vaste seminare ingestel kan word nie. Dit kan beter studieleiding en moontlik beter kennisresultate tot gevolg hê. Van doktorale studente kan vereis word dat hulle seminare bywoon en daaraan deelneem, wat vir hulle wetenskaplike vorming waardevol kan wees.

Ten slotte: daar kan teëgewerp word dat die eksaminering van die proefskrif self — natuurlik in die afwesigheid van 'n doktorale kandidaat — voldoende eksaminering bied en 'n eksamen in ander kennisgebiede onnodig maak. Niemand sal die waarde van hierdie tegniese, metodiese en sintetiese eksaminering wil ontken nie. Dit bestaan in elk geval by die universiteite wat 'n mondelinge eksamen in drie kennisgebiede stel, afgesien van die proefskrif self. Die eksaminering van die proefskrif hang egter af van die standaarde wat die studieleier en die interne en eksterne eksaminatore stel. Maar dan bly die vraag nog of die betrokke student 'n ruimer kennis opgedoen het as dié wat 'n doktorale eksamen moes aflê.

Dit is my persoonlike mening dat die doktorale eksamen soos dit tans by enkele universiteite bestaan nie afgeskaf behoort te word nie, maar gehandhaaf moet word met die oog op die breër oriëntering wat dit kan bied in die vorming van geskiedkundiges. Maar dan sal daar ook gedink moet word aan die instelling van navorsingseminare. Om iets van die probleme by die doktorale studie te ondervang het die Universiteit van Pretoria se geskiedenisdepartement twee sminare per jaar vir nagraadse studente ingevoer, waarin studente hulle navorsingsprobleme met mekaar kan bespreek.